

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 06 Februarie 2022

VOTUM EN SEËNGROET::

Ek kyk op na die berge:
waarvandaan sal daar
vir my hulp kom?

²My hulp kom van die Here
wat hemel en aarde gemaak het.

³Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie;
Hy wat jou beskerm,
slaap nooit nie.

⁴Waarlik, die Beskermer van Israel
sluimer nie in nie
en Hy slaap nie.

⁵Die Here beskerm jou,
die Here bewaar jou van alle gevare.

⁶Bedags sal die son jou nie steek nie
en snags sal die maan
jou nie kwaad doen nie.

⁷Die Here sal jou beskerm
teen alle gevaar,
jou lewe sal Hy beskerm.

⁸Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan,
nou en vir alty

SKRIFLESING EN GEBED:

Tema: Opgebou uit ruïnes (deur genade alleen)

Teks: Sagaria 1:14-17



Wie het dit bewerkstellig, dit gedoen? Wie het die verloop van dinge van die begin af bepaal? Dit is Ek, die Here! Ek is die eerste, en wanneer die laaste dinge gebeur, sal Ek nog die Here wees. (Jes 41:4)

Die oorgeblewenes. (Esra 1-6)

- **Opdrag:** Die Jode keer terug na Jerusalem met die opdrag om die tempel en Jerusalem weer op te bou uit die ruïnes.
- **Brief van Artasasta:** Artasasta het opdrag gegee dat daar onmiddellik met die bouprojek gestaak moes word. Die bouwerk het vir 16 jaar stilgestaan.
- **Brief aan Darius:** Na die dood van Artasata word Darius koning en in die dié tydperk moedig twee profete, Haggai en Sagaria, die Jode aan om met die bouwerk voort te gaan. Weereens was daar teenstand en hierdie keer word aan brief aan koning Darius geskryf.
- **Sagaria en Haggai:** Terwyl die Jode vir die uitslag van die brief wag, gaan hulle voort met die projek. Vyf maande later ontvang hulle 'n brief van Darius wat opdrag gee dat die projek voltooi moes word. Die tempel is vier jaar later voltooi.

Angstige vyf maande:padkaart!

- **Oomblik van inspirasie:** In die vyf maande wat die Jode vir die antwoord van Darius gewag het, loop Sagaria een aand deur die ruïnes van Jerusalem en wonder hoe hy die moedlose Jode gaan motiveer om met die projek voort te gaan.
- In die nag van 24 Februarie 519 vC verskyn die Here aan hom en gee vir hom 'n padkaart oor die pad vorentoe in die vorm van 8 kort visioene, om moedlose bouers te motiveer. In dié visioene speel die Ruiters op die rooi perd 'n sleutelrol:

EERSTE VISIOEN: RUITER OP DIE ROOIPERD (1:14-17)

1. VERSTAAN DIE HART VAN GOD: VOL PASSIE. (1:14,15)

- **Hoe lank nog?**

“Here, Almagtige, hoe lank gaan dit nog duur voordat U U weer oor Jerusalem en die stede van Juda ontferm? U toorn rus nou al sewentig jaar op hulle!” (70 years constituted a period of divine anger against a city or sanctuary).



- **Vriendelik en vol begrip**

Die Here het die engel vriendelik geantwoord en hom bemoedig. (Hebr. Cheerful, with a **deep awareness** and **sympathy** for another's suffering).

- **Hartstogtelik begaan**

Daarna sê die engel vir my: "Roep en sê: So sê die Here die Almagtige: Ek is hartstogtelik begaan oor Jerusalem, oor Sion."

- **Gloeiende woede (Esegïel 36)**

⁵So sê die Here my God: "Ek praat in gloeiende woede oor wat oor is van die ander nasies en oor die hele Edom wat met soveel genot en minagting my land vir hulleself gevat het om sy weivelde buit te maak."

- **Toorn – nie My bedoeling!**

My toorn gaan losbreek teen die nasies wat nou so sorgvry woon, **want my toorn teen Jerusalem was nie so groot nie**; dit is die **heidennasies** wat dit so 'n groot ramp laat word het.

2. ONTHOU DIE EDOMIETE - (ESAU) NEFIES EN NIGGIES

- **Psalm 137 (Sagaria)**

Onthou die Edomite, Here, die dag toe Jerusalem ingeneem is, hoe hulle aangehou het met sê: "Breek af, breek af die stad tot op sy fundamente!"

- **Obadja 9-15**

Al die mense sal uitgeroei word uit die bergland van Esau. Oor die moorde op jou broervolk Jakob:

- 1) **Afsydig**: Die dag toe vreemdes die bevolking van Jakob gevange weggevoer het, het jy afsydig daar gestaan.
- 2) **Verkeerde kant**: Toe uitlanders die poorte van Jerusalem binnegegaan en oor hom begin lootjies trek het, was jy aan hulle kant.
- 3) **Verlekker**: Jy moes jou nie daarin verlek het dat jou broer se dag gekom het nie, die dag toe die ongeluk hom getref het;



- 4) **Bly:** Jy moes nie so bly gewees het oor wat gebeur het met die mense van Juda die dag toe hulle omgekom het nie;
- 5) **Smalend:** Jy moes nie so uit die hoogte gepraat het die dag toe die ellende hulle getref het nie;
- 6) **In die stad:** Jy moes nie die poorte van my volk binnegegaan het die dag toe die ramp hom getref het nie;
- 7) **“Bad luck”:** Jy moes jou nie ook verlekker het in sy ongeluk die dag toe die ramp hom getref het nie;
- 8) **Plunder:** Jy moes nie sy besittings geroof het die dag toe die ramp hom getref het nie;
- 9) **Kruispaaie:** Jy moes nie by die kruispaaie gaan staan het om sy vlugtelingte dood te maak nie;
- 10) **Verraad:** Jy moes nie sy oorlewendes uitgelewer het die dag toe die ellende hom getref het nie.

3. PENSSETS: HERRYS UIT DIE AS

“What you loose in the fire,
you’ll find in the ashes” – Franse spreekwoord

Daarom, so sê die Here, gaan Ek My weer oor Jerusalem ontferm: weer!

- 1) **Herbou:** My tempel gaan herbou word, sê die Here die Almagtige.
- 2) **Uitgelê:** Jerusalem sal opnuut as stad uitgelê word.
- 3) **Oorvol:** My stede sal weer oorstroom word deur voorspoed.
- 4) **Genade:** Ek, die Here, gaan weer genade betoon aan Sion, Ek gaan Jerusalem weer my woonplek maak. (1:16,17)



Wie het dit bewerkstellig, dit gedoen? Wie het die verloop van dinge van die begin af bepaal? Dit is Ek, die Here! Ek is die eerste, en wanneer die laaste dinge gebeur, sal Ek nog die Here wees. (Jes 41:4) Amen!

SEËNBEDE:

Die genade van die Here Jesus Christus en
die liefde van God en
die gemeenskap van die Heilige Gees
sal by julle almal wees.
AMEN.

OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins erediens).

Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

Ondersteun asseblief ons borge!



Vandag se erediens is geborg deur:

HAVE A PEACE OF MIND WITH A WATER-SAFE CHILD!

ROMERO Swimming School



Swimming Lessons safe & fun at an established swimming school that has been operating in CHANTELLE situated in AKASIA for 25 years

We offer lessons to nursery schools in the area from 3 years with FREE transfers to and from the swimming school. Lessons are done all year round in an indoor HEATED pool with fully qualified swimming instructors in the water with the students.

Training 1x per week during school hours
(specific schedule for each school).

We do NOT force, We ENCOURAGE all the students through fun and innovative methods.

Registration forms with more information available at your school

Fore more information contact:

Romero Admin office @ 064-897 1321

Romeroswim@gmail.com

